

9 Oktober

Skrifgedeelte: 1 Samuel 13:1-14
Fokusgedeelte: NGB, Art 23

Christus ons geregtigheid – Steun op Hom alleen!

Dit is of daar in ons Skrifgedeelte baie versagterende omstandighede vir Saul is. In oorlog is orde en stiptelikheid mos onmisbaar! Sewe dae staan die leërs al teenoor mekaar. Die spanning raak ondraaglik en die soldate begin dros. Moet 'n hele veldslag nou opgehou word omdat die kapelaan verslaap het?

Dit gaan egter om meer as militêre dissipline. Dit gaan om geloofsdissipline. Saul wou wel nie sonder die Here oorlog toe gaan nie, maar sy vertrou was ook nie volkome op die Here nie. Daarom is hy ongehoorsaam. Hy vertrou die Here nie met die regte tyd of getal manskappe vir die aanval op die Filistyne nie. Dit was die toets. Saul dop die toets. Iemand soos Gideon egter, slaag die toets as hy die Here vertrou ten opsigte van die getal manskappe en die tydstop wat bepaal word vir die aanval op die Midianiete (Rig 7). Hy behaal 'n klinkende oorwinning.

Soos Saul wil baie mense vandag nog in die lewe op eie voorwaardes slaag. As jy egter glo dat Christus jou geregtigheid voor God is, beteken dit dat jy aanvaar dat die oorwinning aan Christus behoort. Reeds aan die kruis het Hy alle magte en kragte verslaan en ontwapen (Kol 2:15). Hierdie oorwinning word joune as jy self VOLLEDIG daarop steun.

“Steun op Christus alleen,” vra geloofsdissipline. Dit vra gehoorsaamheid aan God, selfs in benoude omstandighede, ook as die uitkoms dalk lank duur. Onthou dat gehoorsaamheid aan God is belangriker is as offers. Gehoorsaam God dus vandag dankbaar en vreugdevol. Die klinkende oorwinning van Christus is reeds joune! Mag dit in jou lewe sigbaar word!

DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)